

Vrye Weekblad

10 - 16 JANUARIE 1992

R2,20 (BTW ingesluit)

IS NOORD-IERLAND ONS VOORLAND?



Die wit stam van Afrika:
van indringer tot
inheemse spesie

Die Kaap is wit en smug

Whoopien Paul kom kuier

Nuwe argumente vir
'n volkstaat


Die Boere se Stonehenge

Vrystaaat! Die ANC word 80

A SOUTHAFRICAN IN VIETNAM

- 5 Die anatomie van regse geweld
 7 Prof Carel Boshoff oor 'n Afrikaner-volkstaat
 8 Boervolk wil by Kodesa wees
 9 Negotiations: Some red lights flashing
 10 Amandla! Vival Vrystaat! deur Johannes Wessels
 12 Africanus albus in Afrika deur Lourens du Plessis
 13 Black education in a quagmire
 14 Max du Preez maak 'n Kaapse draai
 17 Rubriek: Broloks en Bittergal Tinus Horn oor sport
 18 Dirk Hartford on Vietnam: The country that won and lost
 22 Buiteland: Imelda Marcos byt vas Saddam stewig in die saal
 23 Dié week se TV-programme
 25 Hennie Serfontein skryf oor dié week se TV
 26 Ferdinand Deist bring hulde aan Wentzel van Huyssteen
 27 Rubriek: Die mens wat my die meeste beïnvloed het
 28 Short story: Sex and cats by Kevin Ritchie
 29 Boeke: Jean Lombard resenseer Die Arend
 30 Profile: Whoopi Goldberg comes to town
 32 Rolprente: Voorskou vir die jaar
 33 Literature: UWC's Zoë Wicomb on nationalism
 34 Kleinadvertensies
 35 Music: Kathy Berman interviews Paul Simon's keyboardist
 38 Vrye Keuse
 39 Nettie Pikeur se Russiese Krismis

Voorbladfoto: Guy Tillim/Southlight



DIE NUUSTYDSKRIF
VIR MENINGSVORMERS

N° 157

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06). Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Postbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnummer is (011) 836 2151 en die faksnummer 838 5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnummer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 834 879.

Redakteur: Max du Preez
Assistent-redakteur: Jacques Pauw, Andree Vinassa (Kuns), Ina van der Linde
Politieke korrespondent: Hennie Serfontein
Koplieraadteur: Johan Bruwer
Eindredakteur: Ryk Hattingh
Ontwerp: Anton Sassenberg
Kaapse kantoor: Christelle Terreblanche
Redakteur: Pearlie Joubert, Eama Anderson, Lucky Khuzwayo, Llewelyn Roderick.
Advertensies: Joyce Dube, Louwrens Potgieter
Redakteur-assistent: Irene Zulu
Kantoorbestuur: Joseph Moetsoi, Vernon Zulu.
Bestuurskonsulent tot Wending Publikasies Beperk: Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria. Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW ingesluit) Dit kos R110 (BTW en aftrekking ingesluit) om vir 'n jaar in te leken, en R40 (BTW ingesluit) vir een maand. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by naagraag by (011) 497 2911 beekbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrens Potgieter of Irene Zulu by (011) 836 2151.

Aan met die sitplekgordels en op met die valhelms



MAX DU PREEZ

EK onthou 'n klompie jare gelede was die hele land aan die gons toe die destydse Eerste Minister, John Vorster, vroeg in die jaar gesê het: Maak julle sitplekgordels vas.

In sy geval was dit bloot 'n pamponspook. Maar as daar één jaar in die geskiedenis van die stuk Afrika suid van die Limpopo is dat inwoners hul sitplekgordels deeglik styf moet vasmaak en sommer valhelms ook moet opsit, is dit 1992 - meer so as die laaste twee jaar.

Sedert Februarie 1990 is daar heelwat gepraat en geredeneer en onderhandel. Nou moet die praatjies in handeling omgesit word. In die volgende jaar moet dinge begin gebeur, anders kom daar groot moeilikheid.

Vir eers is 1992 die jaar dat die werklike mag uit die hande van die Nasionale Party-regering se kabinet en die sekurokrate na die hande van 'n breër, meer verterwoordigende groep moet oorgaan. Dit gaan waarskynlik binne die volgende ses maande gebeur.

Ek weet daar is baie gewone wit

mense en Nasionaliste wat dink dit gaan sommer net nog 'n NP-foefie wees om tyd en goedgunstigheid te wen, maar dit gaan nie werklik 'n fundamentele verskil maak nie.

Daar wag 'n skok vir hulle. 'n Oorgangsregering, wat deur Kodesa saamgestel gaan word, gaan beheer uitoefen oor die gewapende magte en staatsbesteding. Die Kabinet en die Parlement sal niets meer kan doen as dit nie die Oorgangsregering behaag nie.

Dit beteken dat die sitting van die

Parlement wat aan die einde van die maand begin, sekerlik die mees irrelevante een in die geskiedenis gaan wees. Dit gaan letterlik 'n praathuis wees, en die uitvoerder van 'n ander besluitnemingsliggaam.

Die grootste relevansie wat die Parlement gaan hê, is dat dit die onderhandelingsforum tussen die regerende NP en die Konserwatiewe Party as verteenwoordiger van die regse blankes sal wees.

En dit is nie te versmaai nie. Dié onderhandeling moet nou ernstig opgeneem word. Ek self het g'n enkele ooghaar vir die regses nie, maar dit bly ons land- en selfs taalgenote, en dit is mense wat deur die jare deur die NP en Afrikaner-nasionalisme verle en mislei is. Hulle het verstaanbare vrese en aspirasies, en dit moet behoorlik aangespreek word.

MISKIEN GAAN 1992 ook die jaar wees waarin 'n volkstaat of 'n wit huisland in alle erns op die tafel geplaas en onderhandel gaan word. Ons kan

BRIEWE

De Sade se ou skoene

Tinus de Bruyn van Bellevue skryf:

In sy artikel oor De Sade (VWB 13 Des '91) reduiseer Johan Bruwer die begrip moraliteit tot 'n uiterste (perverse) vorm van patriargale seksuele moraliteit om dit sodoende met pornografie te versoen.

Moraliteit, in die breër konteks, kan myns insiens nie bedmaats wees met pornografie nie. Moraliteit is in beginsel 'n rationele langtermyn-beplanning waardeur die individu sy eie belang beskerm, met inagneming van gemeenskapsbelange. Hierdeur verbeter die individu sy eie lewenskwaliteit, en voorkom chaotiese situasies.

Pornografie, daarenteen, is gemik op korttermyn-bevrediging, met geen inagneming van die implikasies oor die lang termyn nie. Seks word beskou as 'n persoonlike avontuur, waar emosionele betrokkenheid en verantwoording tussen die deelnemers nie bestaan nie. Eindelik word almal deur mekaar gedra, getoets, aangepas en weggegooi soos ou skoene. Waar verantwoording wegval kan die gevolge ook maklik geignoreer word. Pornografie is dus ideologies parallel aan die verkondiging van vrye seks - waar 'n wye keuse van seksmaats in die plek van monogamie gestel word. Daar is dus meer in die gedrang as tieneraborsies en Aids.

Pornografie, hetsy gebruik vir masturbating of stimulasie, stel seks buite interpersoonlike verhoudings. In teenstelling hiermee stel monogamie (as 'n morele ekspressie) seksuele ervaring as 'n onlosmaaklike deel van 'n verhouding. Slegs binne sō 'n verhouding is ewewigige menswaardigheid moontlik.

Moralisme is nie 'n vaartuig waarop politici of advertensieveldtogene kan ry nie - daarom dat dit gedurende verwring word tot byvoorbeeld patriargisme. Elke nuwe opportunis maak 'n ander "intellektuele kougom" daarvan, om dit tot munt te slaan. Moraliteit is in wese daarop gemik om nie ou skoene van mense te maak nie.

BROEDERS IS MOLLE

CM du Toit van Riebeek-Wes skryf:

Ek reageer graag op "Ek was 'n Broederbond-slagoffer" (VWB 29 Nov '91), waarin Pieter Erasmus van die Broeders in die SAUK-hiérargie ontmasker.

Bale geluk dat u die mag van die Broederbond oor u lewe finaal gebreek het deur hulle by name in die openbaar aan die kaak te stel. Daardeur is die mite dat hulle "magtig" en "gevaarlik" is, die nek ingeslaan. Hulle is veel eerder molle wat nie kan verdra dat die lig van die waarheid op hulle skyn nie, vandaar die tegniek van naamlose geskrifte. Dit is verder baie

betekenisryk dat slagoffers van die Boederbond in die Transvaal tot in die Wes-Kaap aimal aan "vervolgingswaan" of "paranoia" ly!

Aan ander slagoffers van die Broederbond: Gaan voort en ontmasker Broeders wat u teister deur hulle name in die openbaar bekend te maak (VWB het my gehelp om dit te doen). Daarna sal u 'n vry mens wees. Ons wat die pad geloop het, weet waarvan ons praat.

SKENDINGS IN NOORD-NATAL

PM Khumalo van Vryheid skryf:

Ek is 'n nuwe intekenaar op VWB.

Ek haat geheime en geheimhouding. Ek glo vas in demokrasie, vryheid van spraak en vryheid van beweging. Ek haat politieke dwang en bangmakery.

Ek skryf vandag om my afsku uit te sprekk oor die algehele skending van menseregte en demokrasie hier in die streek Noord-Natal.

Ek versoek VWB om dit te ondersoek en te verseker dat dié skuldiges aan die kaak gestel word.

Almal wat aan die ANC behoort (soos ek) bly onder die gedurige en selfs toenemende dreigement van regstreekse aggressie deur lede van Inkatha en die NP (dis onmoontlik om 'n onderskeid tussen die twee te tref)

nie wag tot die land weer eens in bloed gedompel is voordat ons regse eise aanspreek nie. En as hulle eise dan geheel en al onredelik en onhaalbaar is en alle onderhandelinge faal, dan moet die regse terroriste met al die mag van die veiligheidsmagte kortgevat word.

'n Mens kan maar net hoop die De Klerk-regering gaan nie probeer speel vir tyd en die instelling van 'n aanvaarbare oorgangsregering vertraag nie. Gebeure om ons diktter dat dit binne enkele maande moet gebeur.

Gebeure soos die ramp van die swak matriekresultate. Swart onderwys gaan nie van die grond af kom solank die status quo voortbestaan nie.

Soos die belaglike sirkus rondom 'n handjievol gefrustreerde militante wat die hele land van Paul Simon en Whoopi Goldberg wil beroof.

Soos die wit paranoïa en vrees van entrepreneurs en beleggers. Dié mense soek tekens dat daar vordering is op pad na stabilitet.

Soos die geweld wat kort-kort nog in die townships uitbreek. En die polisiemanne wat nou weer so die een ná die ander doodgeskiet word. Dit is onhoudbaar - 'n mens kan nie van polisiemanne en hul gesinne verwag om dit net te dulde nie.

Maar as ons 'n polisiemag wil hê wat gerespekteer word deur die mense en wat ons land veilig sal hou, moet dit 'n mag wees wat 'n

meer verteenwoordigende owerheid verteenwoordig.

SOOS DIE DIENSPLIK-DEBAKEL
wat hom nou weer afspeel. Dit is totaal onhoudbaar om in Januarie 1992 nog wit mense alleenlik te verplig om in 'n weermag te dien wat net daar is om 'n wit regering te beskerm. Dit is nou die een wet wat ek rustig sal aanbeveel mense moet ignoreer. Niemand neem tog vir Roelf Meyer ernstig op as hy sê mense wat diensplig weier, gaan vervolw word nie.


Die ANC se voorstel dat die oorgangsregering so gou as moontlik vir 'n nasionale verkiesing moet voorberei sodat 'n grondwetgewende vergadering teen volgende jaar saamgestel kan word, klink ook vir my redelik en haalbaar.

'n Lang, uitgerekte verkiesingsveldtog gaan net skade aanrig.

Dit gaan jammer wees as die De Klerk-regering ná al hul goeie werk nou hier op die laaste gaan sit en vasklou aan mag.

Dit gaan ons duur te staan kom as die regering sy plan afdwing om die oorgangsregering jare lank aan bewind te hou eerder as 'n verkiesing toe te laat. Of as hy weier dat die nuwe grondwet geskryf word deur mense wat nie demokraties verkoose is nie.

Ons het nou vrede en stabilitet nodig, en net daadwerklike vordering na die einddoel - 'n volledige veelparty-demokrasie - gaan dit bring.



wat wil verseker dat Suid-Afrika uit-sluitslik aan hulle behoort.
(Brief verkort - Red)

BIER EN DIE GERE

Pieter Claassen van Hatfield skryf:

Ek moet sê ek is baie teleurgesteld in ons geregsdienenaars op Margate. Ek en my vriende is afsonderlik op twee verskillende geleenthede in hechtenis geneem omdat ons met 'n bier in ons hande op die strand was. Mense, het julle mal geword?

Is die polisie nie daar om kriminele hok te slaan nie? Met mense soos Brig Mellet en die BSB lyk julle beeld maar sleg, en om nou nog 20 000 studente kwaad te maak dink ek is dom.

Onthou, julle is deur die mense aangestel om vir hulle te werk.

VAN GERECHTIGHEID WEET NP NIKS

PJD Lourens van Quellerina skryf:

Barend du Plessis weier om enige betaling aan 'n Aids-slagger te maak, hoewel die regering regstreeks verantwoordelik is vir die man se siekte. Kan die regering laer daal? Van gerechtigheid, menslikheid en integriteit verstaan die NP nijs.

EEN MENEER, EEN GEWEER

CJ van Dyk van Aucklandpark skryf:

Ek verwys na 'n berig op bladsy elf in

die Citizen van Woensdag 4 Des '91 waarin Mnr Scheepers (Adj-min van Chaos en Wanorde) onder meer sê dat "...the intention or practical effect of the Amendment Bill is not ... the implementation of a so-called 'one man one gun system'."

Ek het aansoek gedoen vir 'n lisensie vir 'n 9mm pistool by die Brixton-polisiekantoor. Na twee maande se gewag word my lisensie geweier sonder dat enige redes verstrekk word, en om dan te appelleer is baie moeilik omdat geen redes vir die weiering verstrekk word nie. Ek raai toe maar en grond my appèl op die feit dat ek reeds 'n ander handwapen besit. En raai, die lisensie vir die 9mm word toegestaan op voorwaarde dat ek ontslae raak van die ander handwapen.

(Brief verkort - Red)

WHO'S THE CULPRIT?

David Sanders of Yeoville writes:

In a recent editorial in a daily newspaper it was made clear that the writer believed that the violence of Sunday 8 December in Soweto was caused by an Inkatha rally at which members carried cultural weapons.

But the most horrific killing - seven members of the Seleke family, as reported on the front page of that same edition - was by gunfire. Sunday's gathering was termed "the fatal IFP rally", inferring clearly that the rally

itself and the Inkatha members who attended were to blame for the violence - not the calculated actions of Communist guerrilla-trained activists belonging to an intolerant party.

The writer's verdict was one which fitted in all too comfortably with Floyd Mashela's statement on behalf of the ANC that Inkatha's Khoza and the National Peace Secretariat had been "warned... of possible escalation of violence after the rally".

Let me point out a scenario to challenge this verdict.

Days before a rally by the IFP, the ANC "warns that there will be trouble". This warning is issued to the media, the police, peace organisations, and even the IFP hierarchy to make it seem all the more sincere.

Lo and behold - there is trouble, and the ANC can say (through the media) we told you so, and then go on to blame Inkatha directly, and the police for allegedly working with them.

But in fact the trouble was started by a couple of comrades with specific orders and an arsenal of automatic rifles - not cultural weapons. The ANC is a skilled manipulator of the media. The IFP is a babe in the woods by comparison.

At the very least so that the playing field may be levelled, I hope Inkatha, the media and the public get wise to this.

"Dit is tyd vir hulle (wit Suid-Afrikaners) om te besef dat hul belang net bevorder kan word deur die bereiking van blywende vrede en stabilitet."

Nelson Mandela in sy toespraak tydens die ANC se 80e verjaardagviering.

"When one passes that painting again and again, it gets increasingly shallow... It's not unlike living with a person."

The Cleveland Museum of Art Director Evan Turner on a false painting which the museum bought for \$1 million, thinking it was a sixteenth century original.

"Die geskiedenis van die SAP en die weermag is sleg - dit is onmenslik."

Victor Seabelo Phama, die PAC se vellighedsekretaris, wat gesê het hy voel "genoegdoening" elke keer wanneer 'n polisieman doodgemaak word.

"The fact is that there is no legal basis for the call-up of whites. And we will test this in court if necessary."

ECC president, Chris de Villiers on the legality of the white call-up.

"Hulle sê altyd hulle verstaan regse geweld, maar vir linkse geweld, toe dit aan die orde van die dag was, het hulle geen begrip gehad nie."

Die minister van Wet en Orde, Hericus Kriel, oor regse leiers se lippehulde aan vrede.

"The white nation does not want the problems of black education to become its problem."

Schalk Plenaar, the CP education spokesman, on the black matric results.

"As hy 'n bydrae wil lewer, moet hy Kodesa beïnvloed om die Afrikanervolk se selfbeskikking te erken. Hy moet verstaan die Afrikanervolk sal hom nooit as hul baas erken nie."

Koos van der Merwe, die KP-LP vir Overval, oor Nelson Mandela.

"Everything I did serves nothing. There is nothing that can be learnt from it. But I succeeded."

Gerard D'Aboville on his four month crossing of the Pacific in a rowboat.

"Ek wou maar net 'n bietjie aandag trek." **President George Bush**, nadat hy sleg geword het en inmekaar gesak het tydens 'n ete by die Japanse premier.

Vrye Weekblad plaas graag brieue wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Brieue korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om brieue te verkort. Skryf aan:

VRYE WEEKBLAD BRIEWE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113.

Wisla Wodka

Specially distilled
in Poland, the true home
of wodka



True wodka was born in Poland and
distilled to levels of unsurpassed purity.

In this tradition, Wisla Wodka
is brought to you under licence from
J.A. Baczevski – est. 1782 –
makers of fine wodka.

Make Wisla your Wodka.

J.A. Baczevski – est. 1782 – makers of fine wodka.

Bottled in South Africa.

Is NOORD-IERLAND ons voorland?



Die top-leierskap van die SA Polisie is diep bekommern oor die nuwe vlaag van regse terreuraanvalle in die laaste weke. Daar word selfs gevrees dat dit kan uitloop op 'n situasie soos dié in Noord-Ierland waarin regse "private leërs" aanvalle op die regering én linkse organisasies uitvoer. **HENNIE SERFONTEIN** het met senior offisier gaan gesels

'N ONRUSBAREnde verskynsel is dat sommige van die onlangse regse sabotasiedade nie deur regse organisasies as sulks gepleeg is nie, maar deur klein, onbekende selle - wat die ondersoek bemoeilik.

Senior polisie-offisiere sê dié week aan VWB veel meer is nodig as net normale polisiëring en teen-insurgensiemaatreëls teen regses. "Ons kom tot die gevolgtrekking dat daar eindelik net een uitweg is: om dié bedreiging te besweer, sal die regering bilateraal met regse groepe vredesooreenkoms moet sluit net soos wat in September tussen die regering, die ANC en 'n aantal ander groepe gebeur het."

"Dit sou selfs beter gewees het as dié groepe bereid sou wees om die Kodesa-samesprekings by te woon. Maar dit blyk dat dié gebeure aanleiding tot die jongste geweld gegee het."

Die waarnemende kommissaris van die polisie, luit-genl Mulder van Eyk, sê in 'n onlangse onderhoud daar is bewyse van 'n politieke strategie agter die meeste van die aanvalle. In dieselfde berig gee genl-maj André Pruis van die misdaad-inligtingsdiens toe dat dit juis die polarisasie rondom Kodesa is wat die vonk in die kruivat van 'n burgeroorlog kan afggee.

In 'n gesprek met polisie-offisiere net ná die nuus bekend geword het dat drie regses gevang is in verband met die sabotasie van die Melkrivier-skool naby Potgietersrus, het dit duidelik geword dat die regse terreur 'n nuwe fase betree wat sake vir die polisie kan bemoeilik.

In wat as 'n deurbraak beskryf word, is Gawie Volschenk, leier van die Boerekommando's in Oos-Transvaal, en twee ondersteuners in hegtenis geneem. Daar word vermoed dat hulle inhegtenisname ook verband kan hou met die onlangse sabotasie van 'n skool in Nelspruit en 'n regeringsgebou in Sabie.

Maar dis nie die einde van die storie nie, beklemtoon die polisie, want dit los nog nie die ander reeks sabotasiedade in Transvaal en elders op nie.

Die huidige sabotasie-veldtog stem ooreen

met dié van die ANC in 'n stadium toe slegs "harte" teikens aangeval is. Deur die wyse, tyd en teiken van die aanvalle, word groot sorg gedra om te probeer verhoed dat menselewens in die gedrang kom.

Sover is drie kategorieë van teikens geïdentifiseer:

* Die kommunikasiestelsel soos poskantore en 'n kragstasie naby Graaff-Reinet.

* Sekere skole, met die klaarblyklike motief dat hulle kragtens model B van die nuwe onderwysstelsel nownie-rassig word.

* Met die Melkrivier-aanval op 'n leë skool wat vir polisie-opleiding gebruik gaan word, word die polisie ook 'n teiken.

"Dit is baie duidelike kenmerke van propagandiste wat munt wil slaan uit politieke gebeure," sê een senior offisier.

Die SAP is daarvan oortuig dat verskeie groepe, organisasies of selle vir die verskillende aanvalle verantwoordelik is. Aan VWB is gesê dat voor die regses vandesweek gevang is, die polisie gemeen het dat geeneen van die private leërs daarby betrokke was nie. Dit het eerder gelyk asof slegs 'n paar klein selle of 'n paar individue verantwoordelik is.

"Daar is een ding wat ons bekommert. Die soort sabotasie werk soos 'n epidemie," sê 'n offisier. "Sodra 'n paar sabotasiedade gepleeg word, dan steek dit ander aan. Mense wat selfs nie eens betrokke is by enige van die kommando's of private leërs nie, word daardeur opgestook om as individue of as afsonderlike klein groepies sabotasie te pleeg wat niets met die vorige dade te doen het nie."

Dit lyk asof daar 'n verband tussen sekere van die aanvalle kan wees. Daar is byvoorbeeld 'n ooreenkoms tussen die sabotasievoorvalle op Mooirivier, Sabie en Nelspruit, en ook 'n ooreenkoms tussen die opblaas van die Hillside-skool in Pretoria vroeërverlede jaar en die onlangse aanvalle op die Cosatu-kantore in Pretoria en die twee poskantore in Verwoerdburg en Krugersdorp.

"Week gelede het 'n onbekende nuwe regse groep met die naam Afrikaner Volkstaatbeweging (AVB) in 'n oproep aan

'n koerant gesê hulle is verantwoordelik vir dié vier voorvalle. Daar is beweer dat Amveks-plofstoewe, wat deur die mynbedryf gebruik word, in elk van die aanvalle gebruik is.

Maar blybaar het die SAP reeds vóór die oproep goeie rede gehad om te glo dat daar wel 'n verband tussen die vier aanvalle is.

Die SAP meen die professionaliteit waarmee baie van die sabotasiedade gepleeg is, beteken nie noodwendig dat na opgeleide saboteurs gesoek moet word nie. "Enige mens in die mynbedryf met 'n skietertifikaat kan dié soort skade aanrig en het toegang tot plofstoewe," sê die polisie.

Twee ander sake bekommert die polisie. Hulle stem saam met met die regse leier, Robert van Tonder, se beweringe dat die nuwe golf van sabotasie 'n totaal ander patroon volg as dié van verlede jaar. Toe was lede van bekende regse organisasies betrokke - en hulle is binne 'n betreklik kort tyd deur die polisie gevang.

Maar dit lyk nou asof slegs 'n paar klein selle in die huidige vlaag betrokke is, veral waar groot kundigheid gebruik is. Die uitsondering is die regse inhegtenisnames dié week wat slegs enkele dade behels.

Daar is ook die probleem dat die regse "private leërs" - waaronder die Ystergarde, die Boerekommando's, die AWB, die BWB en Aquila - in getalle veel sterker as MK en Apla aan die linkervleuel is. Die polisie glo hulle is beter toegerus en die meeste regses het twee jaar militêre opleiding agter die rug - dikwels van 'n gespesialiseerde aard.

Die SAP vrees dat slegs een enkele onbesonne aksie uiteindelik tot 'n burgeroorlog-situasie tussen die regses en die ANC kan lei. "Kyk na die opruende aanvalle van Eugene TerreBlanche op Chris Hani, byvoorbeeld. Hoe lank sal dit nog duur voordat 'n gewone AWB-ondersteuner sonder opdrag besluit om self teen Hani of ander ANC-leiers op te tree?" vra een polisie-offisier.

'DIS DIE POLISIE OF DIE WEERMAG SE BOMME'

PIET BESTER, 'n leier van die nuwe regse Boervolk-organisasie, verwerp die aansprake deur die polisie dat ver-regses of hul organisasies vir die meeste van die onlangse sabotasie-aanvalle verantwoordelik was.

Hy sê die inhegtenisname van Gawie Volschenk, leier van die Boere Kommando en twee van sy ondersteuners, is 'n uitsondering.

Bester was 'n luitenant in die weermag, vir twee jaar verbond aan die spesiale magte en dien tans nog as 'n offisier in die Burgermag. Hy is ook lid van die BWB nadat hy die AWB verlaat het.

Hy beskuldig die polisie of weermag dat hulle vir die meeste van die dade verantwoordelik is. "Party van die sabotasieaksies het die hoogste mate van professionaliteit en kundigheid geveng, en kon onmoontlik nie deur gewone regse organisasies gepleeg word nie."

"As dit dan regse organisasies is, waarom is meer mense nie reeds in hegtenis geneem nie, veral as 'n mens dink aan hul snelle suksesse verlede jaar teen regse saboteurs," vra hy.

Hy glo die regering is besig met 'n smeerveldtog teen die regses met die oog op die tussenverkiesing volgende maand op Potchefstroomse.

Bester, wat by 'n myn aan die verre-Wesrand werk, verwerp ook die beweringe van die polisie dat gewone mynwerkers met dinamiet-sertifikate vir die onlangse sabotasie van skole en poskantore verantwoordelik was.

"Ons het nie hier met gewone mynontploffings te doen nie wat redelik eenvoudig is. Ons praat van plofstoefdeskundiges wat presies weet hoe en wáár om ladings te stel om die maksimum strukturele skade aan te rig," sê hy.

Bester beweer dat dit slegs gepleeg kon word deur mense en instansies wat inligting het oor die planne en omstandighede van regeringsgeboue. Hy sê sulke operasies kan nie deur slegs twee of drie persone gedoen word nie. 'n Volledig opgeleide span is nodig vir al die fasette soos beplanning, verkenning, uitvoering en veilige ontvlugting.

Hy wys op berigte in die pers dat ladings van tussen 40 en 50 kilogram plofstoef by die aanvalle gebruik is. "Dit is een-eenvoudig onmoontlik dat sulke enorme hoeveelhede plofstoef uit die myne en elders kan verdwyn sonder dat dit ontdek word. Daar is 'n spesiale register vir die gebruik van plofstoef wat voortdurend deur die polisie self gemonitor word," sê hy.

DIE ERA VAN Gewapende propaganda

Regse geweld het met die vlaag van bomontploffings in Desember en vandeesdaan 'n nuwe fase betree, sê die risiko-konsultant dr Wim Booyse. Die aanvalle word - anders as tevore - professioneel en met fyn koördinasie uitgevoer. Booyse waarsku dat dit die voorstel tot 'n revolusie kan wees, skryf **INA VAN DER LINDE**

MOENIE 'n fout begin nie. Die regse terreur van Desember en Januarie is heeltemal in 'n ander klas as dié van vorige jare, sê dr Wim Booyse, risiko-konsultant en 'n kenner van die regse politiek.

Sy maatskappy, Risk-Afrique, doen die laaste paar maande indringende veldwerk onder regse groep. Uit dié navorsing blyk dit dat dit, op enkele uitsonderings na, nie meer die brandewyn-en-coke brigade van 1990 is wat by die jongste terreur-voorvalle betrokke is nie.

Dis 'n nuwe, hoogs professionele groep wat van 16 Desember tot 3 Januarie op verskeie plekke in Transvaal sabotasie gepleeg het wat miljoene rande se skade aangerig het. Nou kan 'n mens vir die eerste maal werklik praat van regse terroristie, meen Booyse.

Vang hulle dié ouens, sal hulle ook die mense vind wat verlede jaar die bom by die Hillview-skool in Pretoria geplaas het.

Booyse meen die enigste van die 14 sabotasievoorvalle die laaste tyd wat nie binne die nuwe terreur-raamwerk pas nie, is die bomontploffing by die Laerskool Melkrivier naby Potgietersrus op 2 Januarie. Dié skool staan al jare lank leeg en daar word onderhandel om dit aan die polisie te oorhandig vir opleidingsdoeleindes.

"**MELKRIVIER STEEK** heeltemal af by die ander voorvalle as mens kyk na die aard, die verkenning en die emosionele boodskapwaarde van die teiken. Hier is die ploofstof net érens neergesit. Dis nie dieselfde ouens wat die ander bomme geplant het nie - want al die ander gevalle, behalwe miskien die ontploffing by die Sabielanddroskantoor, was hoogs professioneel gedoen."

Melkrivier, sê Booyse, is nog deel van die vorige fase van 1990 toe regses rondom 'n glas brandewyn en coke besluit het om sommer gou 'n bom érens te gaan goo. Kyk mens na die 56 voorvalle van 1990, blyk dit dat in die meeste gevallen ploofstof voor 'n deur of venster van 'n gebou neergesit is.

Net voor druktyd het dit bekend geword dat Gawie Volschenk van Hendrina, leier van die Boerekommando, en nog twee ander, weens die bomontploffing by Melkrivier in hechtenis geneem is.

Hy verwerp 'n teorie wat die ronde doen dat dit regse polisiemanne is, of dat die sogenaamde "dirty tricks department" van die polisie weer bedrywig is.

Van die sogenaamde Afrikaner Volkstaatbeweging tot die Wit Wolwe, die Wit Bevrydingsleer (WBL), die Afrikaner-Republikeinse Leér en die Boere-Republikeinse Leér het al daarop aanspraak gemaak dat hulle verantwoordelik is vir dié of ander terreurdade.

Sê Booyse: "Die doelwit is om jouself lid van 'n organisasie te verklaar en die take wat hulle geïdentifiseer het, te voltooi. In



AWB-lede op Kroonstad. (Foto: Graeme Williams, Southlight)

die geval van die WBL, wat 'n sogenaamde moordlys opgestel het, moet sekere mense uitgeskakel word. Ander ouens besluit sommer om te bel en aanspraak te maak op 'n terreurdada.

Die ouens wat wérklik die dade gepleeg het, sal hulself nie op dié manier blootstel nie.

"MY NAVORSING DUI daarop dat die terreur gepleeg is deur 'n groep wat vroërs deel was van die weermag of polisie en dit verlaat het. Dit is hoogs gespesialiseerde ouens wat 'n sprong gemaak het. Dis die

soort ouens wat vroeër aan die voorfront was om 'Kommuniste te beveg' en nou voel hulle is gedrop. Hulle het besluit om die regering 'n ding of twee te wys."

Hy glo minstens sowat ses selle is betrokke, bestaande uit twee mense elk.

Met die jongste voorvalle het die regse terreur die fase van gewapende propaganda bereik. Nou word Staatspresident FW de Klerk (Pienk Frikkie, soos die regses hom noem) nie langer gesien as deel van die volk nie, maar as die een wat die volk verraaai het.

Die regse opstand het op 2 Februarie 1990 'n hupstoot gekry met De Klerk se ingrypende aankondigings. Skielik het elke Jan Rap en sy maat 'n handgranaat uit sy weermagdae gegryp om De Klerk se "demokratiese revolusie" te keer. Hulle was egter swak voorbereid en ongekoördineerd.

Suksesvolle polisie-optrede teen regses het die gevolg. Meer as 91 regses is in 1990 aangehou en 84 persent van die regse terreur-voorvalle is opgelos, wat hulle gedwing het om van strategie te verander.

Daarna het die regses in hulself gekruip. Uit veldnavorsing was dit duidelik dat 'n tweede fase in regse opstand begin het. Hulle het 'n verdedigende posisie ingeneem: in teenstelling met die robuuste, openlik aggressiewe optrede van 1990, is 'n klassieke organisatoriese fase in 'n revolusie bereik.

Kommunikasiekanale is opgestel, bevelstrukture uitgewerk, desentralisasie en teikens en optredes en 'n groot hoeveelheid opleidingskampe is gehou, veral deur die AWB en die Boere Vryheidsbeweging.

IN DESEMBER HET die regses 'n nuwe fase betree. Die voorbereidende beraad vir 'n veelpartykonferensie op 29 November en Kodesa in Desember kan gesien word as 'n versneller in die proses tot 'n revolusie.

Booyse sê in 1989 het regses baie maklik gepraat oor wat hulle doen, en mense probeer werf. Nou word nie meer oor organisasies, strukture en doelwitte gepraat nie - maar oor vrese dat die land gaan brand, 'n voorsiene afname in onderwysstan daarde, en oor die NP wat nie sy beloftes hou wat skole en woonbuurte betref nie.

Gesprekke in die kroë op Lichtenburg, Lydenburg en Evander gaan oor die aanval

wat Nelson Mandela op De Klerk gedoen het tydens die Kodesa-beraad. By dié mense bestaan die gedagte steeds dat swartes wit mense moet respekteer.

Hulle sê vir mekaar oor 'n sopie: "Ons kan nie die swartes vertrou nie; hulle gun ons nijs, hulle gaan alles by ons vat; daar gaan 'n hekse jag plaasvind".

In regse kringe het dit nou 'n ideologiese debat geword. "Om 'n revolusie te bedryf, moet 'n mens 'n ideologie hê. Dis die masjien wat die revolusie aandryf. Die ideologie is selfbeskikking."

Hy meen die beste strategie om 'n uitgerekte oorlog, soos die van die Ierse Republikeinse Leér, te voorkom is om aan die regses se eise vir 'n Boerestaat te voldoen. Sodoende sal die mat onder hul voete uitgepluk word.

Die ergste scenario sal wees waar verskillende private leërs sekere geografiese gebiede oorneem en beveilig. Dit kan tot 'n voortslepende oorlog lei, soos reeds in Natal en die townships die geval is.

Die erns van die regse sabotasie-pogings sal afhang van die verloop van die demokratiseringsproses. Die fase van gewapende propaganda kan 'n geruime tyd duur - Booyse meen minstens 18 maande. In dié tyd sal probeer word om genoeg steun te kry voordat hulle 'n sub-revolutionäre fase sal betree. Dan sal die man op straat nie meer veilig wees nie en tref-en-trap aanvalle sal aan die orde van die dag wees.

'N VOLKSTAAT VIR DIE AFRIKANER

'n Afsonderlike tuisland vir Afrikaners moenie as rassisties beskou word nie. Wit mense sal nie outomatis burgers word nie en swart mense sal nie outomatis uitgesluit word nie, skryf **PROF CAREL BOSHOFF**, die leier van die Afrikaanse Volkswag, in dié artikel wat waarskynlik die helderste standpunt nog ten gunste van 'n wit Volkstaat is.

MINDERHEIDSREGERING

Regerings regeer op maniere wat hulle glo hul mag beter sal beveilig; selfs minderheidsregerings neig om hul mag onder verskeie dekmantels te laat geld, byvoorbeeld "voogdyskap", "ordelike bevryding" en "die behoud van vrede en vooruitgang".

Minderheidsregering in die Suid-Afrikaanse konteks, ongeag die vorm daarvan en onder watter voorwendsel, kom neer op onderdrukking en diskriminasie, en is onaanvaarbaar.

MEERDERHEIDSREGERING

Regstreekse meerderheidsregering - gekenmerk deur algemene verkiesings, 'n enkele kieserslys, een-mens-een-stem en wenner-vat-alles - as 'n alternatief vir minderheidsregering, is geskik vir nasie-state waarin klein minderheidsgroepe teenwoordig is en assimilasie aanvaar.

Suid-Afrika is egter nie 'n nasie staat nie. Inteendeel, die land is 'n uitstekende voorbeeld van 'n diep verdeelde samelewing. Regstreekse meerderheidsregering is onaanvaarbaar vir die land en sal nie beter resultate as 'n minderheidsregering lever nie.

KONSOSIASIE

Oor die algemeen skryf grondwetlike kenners meer kompleks stelsels van meerderheidsregering vir Suid-Afrika voor. Die grondwet van 1983 vereenwoerdig 'n neiging in dié rigting; die voorstelle van die KwaZulu Indaba volg dieselfde spore.

Die belangrikste eienskappe van konsosiasie sluit die erkenning van minderheidsregte in, hul proporsionele verteenwoordiging in die parlement, vetoregte en die devolusie van mag.

Vereistes vir die welslae van konsosiasie-demokrasie sluit die volgende in: minderheidsgroepe moet min of meer ewe groot wees; hulle moet gemeenskaplike vyande hê; die afwesigheid van buitensporige sosio-ekonomiese ongelykhede; betreklike isolasie van mekaar; en 'n tradisie van politieke verdraagsaamheid.

Die omstandighede in Suid-Afrika is hoogs ongunstig vir konsosiasie-stelsels. Arend Lijphart, die kenner op dié gebied, kom tot die gevolgtrekking dat die vooruitsig vir die demokrasie in Suid-Afrika maar bleek is.

KRITIESE BELANGSTELLINGS

Konsosiasie-modelle sal te staan kom teen die onversoenbaarheid van sekere belangte van wit en swart en onder 'n algemene bestel.

Om te sê 'n bestel strek tot voordeel van 'n minderheidsgroep, beteken dit plaas die minderheidsgroep in 'n beter posisie as waarin dit andersins sou gewees het, en dit bevredig die voorkeure en ambisies betreffende die groep se eksistensiële veiligheid, maatskaplike welstand en vooruitsigte.

Deurslaggewend tot die bevordering van 'n minderheidsgroep se belang is sy toegang tot verskeie instrumente en metodes van politieke en ekonomiese mag wat die groep in staat sal stel om 'n verskeidenheid van oogmerke te bereik, insluitende sulke oogmerke soos fisieseoorlewing, 'n gevoel van vryheid, identiteit en nering, regte en vryhede, magte en geleenthede, inkomste en welvaart.



Prof Carel Boshoff

Dit is kritieke belang, dié dinge waarvan minderhede soveel moontlik wil hê, want hoe meer hulle daarvan het, hoe groter is hulle kans om te bereik wat hulle aanvanklik wou gehad het. Belange is onversoenbaar as die eise van die verskillende minderhede onversoenbaar is en hulle nie tot 'n vergelyk kan kom wat deur albei groepe as redelik aanvaar word nie.

Eise en standarde van redelikheid kan natuurlik verander, en dinge wat nou onversoenbaar is, kan later wel opgelos word. Om te sê dat die belang van die verskillende minderhede onversoenbaar is, beteken nie die bestaan van gemeenskaplike belang word ontken nie.

Binne 'n algemene bestel sal Afrikaners streef om hul ekonomiese standarde, hul vryhede, hul mag, hul kulturele identiteite, en beheer oor onderwys en die ontwikkeling van hul land te behou; en hulle sal beskerming wil hê teen die assimilasie waaraan hulle regstreeks of onregstreeks blootgestel mag word. Afrikaners glo hulle is geregtig op dié dinge; hulle het gewoon geraak daaraan en is afhanglik daarvan.

Swart mense, aan die ander kant, wil die dominante politieke posisie hê waarop hul getalsgewys geregtig is; die land en geleenthede waarvan hulle uit hul oogpunt weerhou is; en 'n status wat hul menswaardigheid sal bevorder. As aan die meeste van hul eise voldoen word, sal die Afrikaner nie veel kry van wat hy die meeste wil hê nie. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar.

MINDERHEIDSREGTE

Magsdeling sonder oorheersing in Suid-Afrika is 'n selfweersprekking. Daar is geen manier hoe Afrikaners by 'n algemene bestel kan inpas sonder om oorheers te word nie.

Talle Afrikaners maak staat op sogenaamde minderheidsversekerings; hulle glo hulle sal vereenwoerdiging hê in die parlement, die kabinet en ander uitvoerende liggame; en hulle sal sekere besluite wat hul kritieke belang raak, kan veto; en hulle onderwys en taal sal onaangeraak gelaat word. Versekerings soos dié, indien hulle gegee word, kan nie hou as hulle nêres ter wêreld in vergelykbare omstan-

dighede gehou het nie.

Diskriminasie teen minderhede, onderdrukking, verbanning, volksmoord en gedwonge assimilasie duur tot vandag voort en kom voor in talle lande ondanks verklarings van menseregte, internasionale konvensies en beskerming deur groot moondhede.

OORHEERSING

Afrikaners het 'n lang tyd oor minderhede geheers, maar is self nie gewoond daarvan om oorheers te word nie. Hul hele geskiedenis is die geskiedenis van 'n vryheidstryd. Dié stryd sal moontlik voortduur in die toekoms, selfs al wil dit nou voorkom of die Afrikaners oor verskeie belangrike sake verdeel is.

Afrikaners identifiseer hulself in drie breë kategorieë - naamlik dié wat identiteit, vryheid en nering as hul kritieke behoeftes sien; dié wat die Afrikanerdom beskou as die kern van die wit nasie wat verdedig moet word; en dié wat die Afrikaner as een belanggroep in 'n Suid-Afrikaanse nasie beskou. Die grootte van elke groep sal afhang van die ondervinding in die ontwikkelende "Nuwe Suid-Afrika".

DUALISTIESE BESTAAN

Talle state bestaan uit twee segmente, een segment in sy eie land met sy eie regering en die ander segment in 'n buurstaat, of state verder weg, as burgers van daardie state. 'n Minderheid van Jode, byvoorbeeld, het geveg en hul eie staat verky terwyl die meerderheid steeds in ander lande woon.

Niet so het 'n minderheid van Afrikaners die Britse Ryk verlaat om hul eie state te vorm. Hulle het twee vryheidsoorloë geveg en die RSA tot stand gebring. Die gevolge van hul aksies het 'n gevestigde werklikheid geword en word deur die meerderheid aanvaar.

SWART EENHEID

Swart mense het 'n geskiedenis van weerstand teen oorheersing wat oor meer as 'n 100 jaar strek. Hulle het daarin geslaag om 'n gemeenskaplike oogmerk in dié en ander verbande te vestig. Dit is waarskynlik dat hulle, ondanks die hinderisse, een of ander gemeenskaplike samelewing onder een regering tot stand sal wil bring. Talle Afrikaners sal hulle in hul onderneming steun. Dit is ook waarskynlik dat sommige swart minderheidsgroepe nie hul identiteit sal laat vaar nie. Van hulle sal hulle dualistiese status wil behou, terwyl ander slegs in die RSA sal bly op 'n federale of streeksgrondslag.

ONDERHANDELDE PARTISIE

Die situasie betreffende partisie het ook verander. In die sestigerjare is partisie as oplossing aangebied vir die eksistensiële probleme van swart minderhede, met die res van die RSA as 'n wit tuisland. Swart leiers het partisie in beginsel nie teengestaan nie, maar was besorg oor die regverdiging uitvoering daarvan.

Die partisie wat tussen 1976 en 1983 plaasgevind het, het swart mense se voorbehoud bevestig. Die mees fundamentele kritiek teen dié beleid was die toewysing aan hulle van onvoldoende grond en ander hulpbronne en die weiering van politieke regte aan dié burgers van

sulke state wat permanent in die republiek woonagtig is.

Vandag wil al hoe meer Afrikaners 'n staat vir hulself hê. Hulle aanspraak op onderhandelde partisie geniet wêreldwyse steun, soos die menings van Hoernle, Crocker, Adelman en Von der Ropp aantoon.

IDENTIFISERING VAN LAND

Die Afrikaner se kruis deur die eeue was sy keuse van grond: te veel, meer as wat hulle kan behartig, en op die verkeerde plek. Die trek na die binneland het Afrikaners ooswaarts, eerder as wes, laat beweeg - en noord, waar hul belang met dié van die gevestigde swart mense gebots het. Eindelik het hulle verantwoordelikheid vir so te sê die hele subkontinent aanvaar, 'n uitgestrekte gebied met grondtowwe, 'n bevolking en 'n ekonomie wat Afrikaners onmoontlik op die lang duur kon beheer.

Die oostelike helfte van Suid-Afrika word al eeue lank deur swart mense bewoon; hulle woon steeds daar en om hulle te verskuif om plek te maak vir die Afrikaner is ondenkbaar. Dit laat die westelike deel van die land oor. Die Noordwes in besonder is nie dig bevolk nie, wat sal beteken dat betreklik min mense hervestig sal moet word, en betreklik min Afrikaners daar hoef te gaan woon om 'n meerderheid te verkry.

VOORWAARDES VIR WELSLAE

1. Partisie moet onderhandel word: dit behoort onlosmaaklik deel van die onderhandelingsproses vir 'n nuwe grondwet te wees.

2. Partisie op grond van ras moet vermy word: 'n groep mense, wat selfbeskikking soek, tans 'n onassimileerbare minderheidsgroep, word uit die RSA gehaal en kry 'n aparte politieke en geografiese definisie. Dit beteken wit mense sal nie outomatis burgers wees nie, en swart mense sal nie outomatis uitgesluit word nie.

3. Enige vorm van oorheersing moet vermy word.

4. Afrikaners moet spoedig die oorgrote meerderheid van die bevolking word: selfgedefinieerde minderhede wat ook selfbeskikking verlang, behoort nie toegeelaat te word nie.

5. Gelyke burgerskap moet aan alle permanente burgers gegee word; die internasionale reg en gewoontes moet gerespekteer word.

6. Vestiging en hervestiging moet vrywillig plaasvind: die RSA en die partisistaat moet tot 'n vergelyk kom om mense wat wil trek by te staan.

7. Voorsorg sal getref moet word dat Afrikaners plekke van emosionele belang kan besoek.

8. Botsende eise van Afrikaners met betrekking tot grond en ander sake sal eers opgelos moet word. Hulle woon oor die hele land en hulle belang verskil.

9. In die verdeling van die grond moet riviere en berge as grense oorweg word, toegang tot die see en lug, en die insluiting van landbougrond en water.

10. Partisie moet vir almal voordeelig wees.

(Hierdie artikel is 'n vertaalde en geredigeerde weergawe van 'n artikel wat in The Vrye Weekblad / Sowetan Quarterly State of the Nation, Summer 1991, verskyn het.)

Boervolk

WIL STEEDS BY KODESA WEES

Al is die ver-regse alliansie Boervolk woedend oor hul uitsluiting van Kodesa tot dusver, wil hulle steeds aan onderhandelinge deelneem, berig **HENNIE SERFONTEIN**

"ONS gaan voort met ons aansoek om toelating tot deelname aan die Kodesa-onderhandelinge - al is ons daarvan oortuig dat die regering verantwoordelik was vir die weiering van ons eerste versoek omdat hulle nie regtig ons ultra-regses daar wil hê nie. Hopelik sal die bestuurskomitee (die ou loodskomitee) dit gunstig oorweeg op hul vergadering eerskomende Maandag, 13 Januarie."

Só praat die ver-regse leier Piet Bester dié week in 'n gesprek met VWB. Bester is 'n hooffiguur in Boervolk, die nuwe alliansie van verregses in die Boere Weerstandsbeweging en ander organisasies wat bereid is om deel te neem aan vredesame onderhandelinge oor 'n nuwe politieke stelsel.

Bester se stelling volg op aanvalle op die regering vroeër dié week deur die akteur en regse aktivis Schalk Jacobz as Boervolk-segeman. Jacobz

beweert die verwerping van die Boervolk se aansoek om toelating tot Kodesa bewys dat die regering nie ernstig is oor ver-regse deelname nie.

Jacobsz het Gerrit Viljoen, die Minister van Staatkundige Ontwikkeling, daarvan beskuldig dat hy die aansoek geveto het, nadat Zach de Beer as voorzitter van die destydse loodskomitee hulle aanvanklik verseker het daar sal geen probleme wees nie.

DE BEER HET dié week erken die komitee het van mening verander omdat hulle die Boervolk nie as 'n politieke party beskou nie.

Viljoen het ook verduidelik dat dit regeringsbeleid was dat 'n politieke party of organisasie "voldoende ondersteuning" moes hê om aan Kodesa te kan deelneem. Daarom is die KP, die HNP en die AWB genooi. Deelnemers moes ook ten gunste van 'n vredesame oplossing wees, beklemtoon Viljoen.

Maar 'n woedende Bester verwerp Viljoen se verklaring. "Die regering wou ons nie binne gehad het nie, omdat De Klerk nie andersins vir Mandela en die ANC sou kon beskuldig het as die enigste organisasie teenwoordig wat 'n eie leer en wapens het nie."

Bester beweer die Boervolk het 7 000 geregistreerde ondersteuners en dat 22 000 handtekeninge verkry is ter ondersteuning van die gedagte om 'n Boerestaat deur onderhandelinge te verkry.

Hy wys daarop dat die HNP in die vorige algemene verkiesing landwyd nie eens 5 000 stemme kon kry nie; dat die AWB se poslys slegs 3 000 name het en dat die werklike lidmaatskap minder is.

Dis bekend dat ANC-leiers soos Thabo Mbeki ontsteld is oor die uitsluiting van die Boervolk. Ook sekere NP-leiers is daaroor onthuts en het geen kennis van die hele saak gedra nie.

TOE 'INFILTREER' VER-REGSE KODESA

Die idee was dat niemand - maar niemand - die vergadersaal van Kodesa mag binnekomm sonder amptelike akkreditasie nie. Maar toe die Staatspresident FW de Klerk sy toespraak lewer, kom die veiligheidsoffisiere geskok agter dat 'n ver-regse leier - wat bywoning geweier is - in heel opsigtelike militêre bruin gewaad sit en luister... **HENNIE SERFONTEIN** onthul die drama

KONSTERNASIE het agter die skerms geheers tydens die onlangse Kodesa-byeenkoms toe ontdek word dat die ver-regse leier Piet Bester die vergadersaal binnegedring het - sonder enige akkreditasie.

Ondanks streng veiligheidsmaatreëls is sy teenwoordigheid en identiteit eers ontdek toe hy al in die persbank op die boonstevlak sit en luister na Staatspresident FW de Klerk se toespraak. 'n Niksvermoedende veiligheidsbeampete het hom mooitjes daarheen gele!

Om alles te kroon was Bester nie eens vermom nie. Hy het oop en bloot die regses se kenmerkende militêre bruin klere gedra - met 'n lyband waarop die woorde "Boervolk" prominent vertoon word.

Bester is 'n ou AWB-lid, 'n leier in die BWB, en een van die leiers van die pas gestigte organisasie Boervolk.

Die Boervolk is verlede jaar gestig as 'n alliansie van lede van verskillende ultra-regse groepe wat die beginsel aanvaar het om na die onderhandelingstafel te gaan. Hulle wil vir 'n Boerestaat beding en beskou geweld as slegs 'n alleraaste opsig.

VWB het verlede jaar in verskeie artikels oor Bester en sy groep berig en bekend gemaak dat hulle al sedert November 1990 verskeie gesprekke met ANC-leiers

gehad het. Daaronder was mense soos Jacob Zuma, die Assistent Sekretaris-Generaal en Thabo Mbeki, die hoof van die ANC se departement van buitelandse sake.

REEDS IN SEPTEMBER verlede jaar is pogings deur bemiddeling van die ANC aangewend om te reël dat Bester en sy ondersteuners een verteenwoordiger na die Vredeskonferensie kan stuur. Weens verdeeldheid kon egter nie ooreengekom word wie dié verteenwoordiger moet wees nie - en dit het geleid tot die stigting van Boervolk as 'n ver-regse pro-onderhandelingsgroep.

In die week voor die Kodesa-byeenkoms het die Boervolk aansoek gedoen om daarvan deel te neem nadat hulle verneem het daar sou geen probleme wees nie en dat hulle 'n afvaardiging van vyf mense kon stuur. Maar middernag, Donderdag 19 Desember - enkele ure voordat die byeenkoms sou begin - deel Zach de Beer, toe die voorzitter van die reëlingskomitee, Bester mee dat hul aansoek van die hand gewys is.

Die verwerping ter elfder ure van hul aansoek het Bester en sy mense woedend gemaak - want sy medeafgevaardigdes was al op pad. Hulle het sewe-ure die oggend by die Holiday Inn 'n paar honderd meter van die

World Trade Center bymekaargekom.

Dit is dié gebeure wat aanleiding gegee het tot Bester se "inval" in die vergadersaal laat die Vrydagmiddag.

Bester self verduidelik wat gebeur het: "Ons was ontsteld oor die onverklaarbare verwerping van ons aansoek. Nadat ons beraadslaag het, is besluit dat ek afgevaardig word om na Kodesa te gaan om aan elk van die 19 afvaardigings 'n afskrif van ons aansoek te besorg, asook van 'n verklaring waarin die weiering as 'skeinhilig' veroordeel word."

Bester het agtergekom dat heelparty van die Kodesaafgevaardigdes en hul amptenare by die Holiday Inn tuisgaan. "Ek sien toe dat van die veiligheidspersoneel van partye van die Huis van Verteenwoordigers en die Huis van Afgevaardigdes gereed staan met 'n konvoi van wit Mercedes Benz-motors om na Kodesa te vertrek."

"Ek het eenvoudig met my motor agter hulle ingeval en saam in die konvoi vertrek. Ek is sonder navraag by die buitehek deur die wagte deurgewuif en het reg voor die hoofingang van die gebou stigehou."

DIE VEILIGHEIDSMAATREËLS by die buitehek sowat 300 meter van die hoofingang was uiters streng. Slegs persone met akkreditasiekaarte is toegelaat en alle ander mense is eenvoudig weggewys. (Dit is ook waar die regses betoog het.)

By die hoofingang moes hy deur die verlikkertoestel stap, sê Bester - maar toe word hy voorgekeer omdat hy geen akkreditasie het nie. Hy sê toe aan die veiligheidswagte dat hy dokumente het om af te lever en 'n



Piet Bester

afspaan om vyfuur het met VWB se verteenwoordiger en 'n akademikus. In dié stadium het een van die veiligheidsmanne wie se konvooi hy gevolg het, hom kom help.

Dié man kom toe na VWB se verteenwoordiger in die persgalery en sê daar wag iemand met dokumente vir hom. Die veiligheidsbeampete sê toe egter hy sal self die dokumente gaan afhaal omdat almal in die persgalery op dié oomblik vasgenael sit en luister na die begin van FW de Klerk se toespraak.

'n Paar minute later kyk VWB se verteenwoordiger verbaas op toe Bester - met paramilitêre gewaad en al - in die stoel langs hom plaasneem, terwyl die veiligheidsbeampete sê hy sal by die regte instansies gaan navraag doen oor sy toelating.

Terwyl De Klerk sy toespraak lewer, gaan Bester toe gal af oor die verwerping van hul aansoek. 'n Rukkie later, terwyl De Klerk nog praat, is die veiligheidsman terug om hom na ander amptenare te bring.

Teen dié tyd was Bester se teenwoordigheid blykbaar bekendaan die senior persone van die ANC, die NP en die regering. Geskokte veiligheidsoffisiere het hom lank ondervra. Bester se verduideliking dat hy slegs die twee Boervolk-verklarings wou kom oorhandig, is uiteindelik aanvaar - en 'n SAP-offisier het onderneem om die koeverte aan die afgevaardigdes te besorg.

Toe is Bester deur die offisiere weggelei uit die konvensie-terrein.

* Veiligheidsbeampetes het later aan VWB gesê hulle beskou Bester se "besoek" as 'n uiters ernstige veiligheidsbreuk. "Hy kon die hele plek met 'n bom opgeblaas het," was een geskokte senior amptenaar se woorde.

Negotiations: SOME RED LIGHTS FLASHING

The ANC has taken a rigid position on their demands for a transitional government with a limited lifespan and speedy elections for a constituent assembly, reports **MAX DU PREEZ**

NEGOTIATIONS would break down if the NP government did not go along with an elected constituent assembly or insisted on a long lifespan for the transitional government, says Mohammed Valli Moosa, member of the ANC's negotiating team and the movement's National Working Group.

And this week the ANC Executive Committee stated in its 80th anniversary message that a transitional government should be formed within the next six months with "sovereign control over at least all the armed forces and police, state media, electoral processes, budget and finance, and forums to take decisions on and supervise the management of socio-economic issues during the transition."

The main aim of the transitional government, as the ANC sees it, should be "to supervise the transition to democracy", which means it should ensure free political activity and supervise elections for a constituent assembly.

Moosa said in an interview in the latest Vrye Weekblad/Sowetan Quarterly State of the Nation Report that Codesa could never become a constituent assembly. Asked whether negotiations could break down and under what circumstances, Moosa said: "Negotiations can break down. They will break down if there's an insistence on the part of the government that some sort of unrepresentative body of people should draft the constitution."

MOOSA FORESEES the difference in the ANC's and the government's proposed time-frames as a major area of conflict. "We would like the transition to be as short as possible. Indications from speeches made by members of the government are that the government sees the transition extending over a period of between five and fifteen years. That is going to be a serious area of conflict. For us an interim government must not exist for the sake of existing. It must exist in order to drive the process, to drive us to the establishment of a democratically elected government. We would see an interim government existing for a maximum period of 18 months."

The statement of the ANC's executive sees "a sinister scheme" behind the government's proposals for a referendum and election before an interim government: "(It's) an attempt to legitimise an undemocratic constitution, parliament and regime and prolong the transition by ten years and more."

The statement proposes elections for a constituent assembly to be held by December this year.

The ANC's statement makes it clear that Codesa will be a higher constitutional authority than the present parliament. It states: "The implementation mechanisms

of Codesa are meant to ensure that legislation drafted by its relevant structures is not vetoed by the tricameral parliament or the present regime. This includes relevant amendments to the current constitution."


THE ANC ALSO states that the homelands should be included in all future constitutional changes. "Transitional mechanisms and elections into the constituent assembly should be inclusive of South Africa as a whole, of which the TBVC countries are part."

The ANC also foresees a larger role for the international community in the transitional process. "The presence of eminent representatives of the OAU, the Commonwealth, the Non-Aligned Movement, the UN, European Community and the International Committee of the Red Cross at the first sitting of Codesa is one example of the moral and political support these forces can give to the process now under way. Certainly, as the process unfolds, their involvement will have to be increased in accordance with concrete needs and agreements reached among various parties with

SA." It adds that international involvement would guarantee fairness in the process and ensure that the final outcome enjoys international legitimacy.

The ANC's NEC again "extended a hand of friendship" to white South Africans. "We address our call particularly to those sectors of the Afrikaner community such as farmers and workers who historically have been misled only to be dumped by self-seeking politicians for a cause that has no future: the time to take a decisive step into the fold of the broader South African society and ensure their future is now."

IS JY 'N PATRIOT OF WERKLOOS?



"Die houding van dienspligtiges is dit jaar baie positief. Hulle is hooggemotiveer om hul diensplicht te doen en Barney Simon (Radio 5) laat voel hulle beter - nie dat hulle sleg voel nie, maar net om hulle welkom te laat voel." - Kol Rooyen van die Witwatersrand Kommandement (Foto's: Steve Hilton-Barber/Southlight)

Die jaarlike weermag-inname vanjaar het verskil van ander jare - waar die kolonels vroeër jare gesê het nasionale dienspligtiges meld aan uit patriotisme en 'n ek-doent-dit-vir-my-land-gevoel, sê kol DW Rooyen van Wits Kommandement dié week troepe meld aan weens werkloosheid. "Mans smeek ons op hul knieë om diensplicht te doen omdat dit hulle uit hul mistroostigheid kan help," sê hy.

Hoewel die weermag nog nie kon sê hoeveel troepe wel vir diensplicht opgedaag het nie, was die woordvoerder van Wits Kommandement, maj Andreas Jordaan, optimisties oor die hoeveelheid troepe wat wél opgedaag het.

Vroeër die week het die End Conscription Campaign én die Boerestaatparty beswaar teen nasionale diensplicht aangeteken. Die BP het gesê weermaglede word gebruik om skeldsregter te speel tussen swart volke "wat al vir eue vyande van mekaar is". Die Konserwatiewe Party se Jeugliga het ook gesê KP-lede wil net diensplicht in hul eie gemeenskappe verrig. - PEARLIE JOUBERT

Africanis albus

- VAN INDRINGER TOT INHEEMSE SPESIE

PROF LOURENS DU PLESSIS van die Departement Publiekreg aan die Universiteit van Stellenbosch meen 1992 kan die jaar word waarin daar vir die Afrikaner gesê word: "Welkom in Afrika! - al is jy laat. Ons Afrikane het baie geduld - óók met laatkommers. Kom, stap saam, dan wys ons jou..."

MY NUWEJAARSWENS is dat *Africanus albus*, die wit stam van Afrika, final in Afrika sal aankom. "Wit stam" slaan hier, miskien ongewoon omvattend, op alle wittes vir wie Suid-Afrika hul enigste tuisland is.

Is dié nuwejaarswens nie 'n misplaaste gedagte nie?

Africanus albus is mos lank reeds vas aan die Afrikabodem, en kan ook nie huis anders heen nie. Dít sê swart Afrika self.

Maar wat presies beteken dit om "vas aan die Afrikabodem te wees"?

Bodenvastheid is nie noodwendig 'n verbondenheid aan jou medemense nie. So kan en het ons, *Africanus albus*, verhoed dat ander Afrika-spesies te na aan ons kom. O ja, hulle is en was gerieflik (en goedkoop) byderhand om ons skoene en ons motorkarre blink te maak, en was goed en ons kinders se neuse te help skoonhou en ons goud vir ons uit die grond te haal. So kry 'n mens immers vrye tyd vir inisiatief - om die land te bou en jou beursie styf te hou.

Aan deernis vir die "ander mense", sou *Africanus albus* byvoeg, is daar ook nie 'n tekort nie: snotneus-kaffertjies-langs-diepad is oulik en meide-met-skoffels-op-dieiland is net so eg van Afrika soos die son en wind en reën en droogte; soos die berge, see en vlaktes - alles dinge wat ons innig lief het.

Só word sekere soorte mense dan interessante besienswaardighede. Maar ook nie heeltemal nie, want saans moet snotneuskaffertjies en meide-wat-nie-inslaap nie so ver moontlik van *Africanus albus* se agterdeur af wees - érens in 'n afgeleë township of "n eie vaderland".

DIE APARTHEID-EKSPERIMENT moes eers klaagliks misluk voordat besef is dat "ons" vir "hulle" (soos die armes) altyd met "ons" sal hê - in óns almal se land. Die fase van gelyke regte vir alle Afrika-spesies in Suid-Afrika het *Africanus albus* soos 'n donderslag getref. "Dít," sê lede van dié spesie vir mekaar, "gaan baie oopofferings van ons verg" - en ent-ent selfs klippe kou kos. As teenprestasie mag *Africanus albus* egter dalk final as goody in Afrika arriveer. Of tog dalk nie?

Die aansienlike vordering weg van apartheid kan tereg toegejuig word. So ook (in 'n mate) die bekentenis dat dié kolossale rasse-eksperiment misluk het

(en 'n fout was) en dat rassediskriminasie verkeerd is.

Maar as 'n mens *Africanus albus* rellig eerlik en indringend sal vra: Quo vadis - waar (dink jy) gaan jy heen? sal die antwoord tien teen een klink soos die een omie op die stoep wat vir die ander een gesê het: "Jy weet, ek weet nie..." En érens daaragtter skuil ook die erkenning-versugting: "Ek is nog nie onherroeplik tuis in dié rellig Afrika nie."


Voorheen, toe dinge ongekompliseerd was, kon 'n bevoorregte wit Afrikaan Suid-Afrika geniet. Ras-en klas is met die trek van een en dieselfde streep uitmekbaar gehou. Elke spesie het geweet aan watter kant van dié meerdoelige streep om te hou. Selfs probleme was nie alkante van die lyn dieselfde nie. Terwyl *Africanus albus* byvoorbeeld met maagsware moes worstel (van "inisiatief neem"), was daar aan die ander kant 'n knaende kommer oor leë mae.

AFRICANUS ALBUS VREES deesdae dat sy bevoorregting, met kierankies en al, in die vuurwarm olie van 'n nuwe Suid-Afrika kan uitbraai. Dit is egter merkwaardig dat daar aan die ander kant van die lyn eweseer besorgheid is oor die wit spesie se welstand in 'n nuwe Suid-Afrika - die ontstellende "one-settler-one-bullet" van 'n handvol ten spyte.

Só vertolk Nelson Mandela klaarblyklik 'n sentiment van die oorgrote meerderheid (gematigde) swart Afrikane wanneer hy die wittes, tydig en ontydig, 'n geborge voortbestaan in die nuwe Suid-Afrika toewens én boonop sê dat hy sal bydra om dit te verseker.

Africanus albus se finale aankoms in Afrika hang myns insiens af van 'n viertal verbandhoudende voorwaardes waaraan deur eie optrede voldoen sal moet word, naamlik 'n hartgrondige skuldbelydenis, die kweek van 'n presidentloos-inklusiewe nasionalisme, identifikasie met óók die skewe werklikheid van Afrika en 'n afsien van "die laaste alleensé" in die politiek.

APARTHEID WAS 'n fout, 'n mislukte eksperiment. Diskriminasie was verkeerd, dit het mense se menswaardigheid aange-tas. *Africanus albus* gee dit by monde van sy leiers toe, en voeg dan daarvan toe: "Ons is jammer, nie oor apartheid nie (dit het ons en ons eerbiedwaardige voor-



Lourens du Plessis

meer nasionalis-nasionalis nie maar gemaak-behendig liberal-liberal moet probeer speel.)

Nasionalisme is 'n merkteken van moderne-nasies-in-wording, of ook: nasies-modern-in-wording. Van die geromantiseerde weergawe daarvan het ons in Suid-Afrika 'n oordosis gehad. Daar is egter ook iets soos 'n "moue oprol"-demokrasie wat, bewus van 'n gedeelde lotsbestemming, nasiebou en nasiewording konkreet inspireer. Dié laaste soort nasionalisme is baie aktueel in en vir 'n steeds wordende Afrika.

Nasionalisme is nie die alleenbesit van ver-regse wittes nie. Nog minder is geoogklapte, wit etnosentrisme die enigste variant van Afrikaner-nasionalisme. Vir die Afrikaner wat tot Afrikaan groei, word Afrikaner- en Afrika-nasionalisme een: 'n nasionalisme met 'n nie-rassige eenheid as spoorslag, die daadwerklike inslag, en, as einddoel, die geborgenheid van individue as lede van die nasie.

DIS 'N ONGEMAKLIKE mondvol. Want identifikasie met almal beteken derdens ook identifikasie met almal se probleme - en met 'n dikwels windskewe Afrikawerklikheid. Aids, die behuisingsnood, hongersnood, 'n hemelhōē gebōortesyfer, werkloosheid en prulonderwys is nie húle of júle probleme nie, maar (ongelukkig) ons s'n ook. Die herverdeling van middele, restitusie en regstellende optrede is, so gesien, nie gunsies wat vrygewige haves aan "agtergeblewe" have-nots bewys nie. Dis in almal se belang integrerend deel van 'n nasiebouprogram.

Lastens sal *Africanus albus*, om in Afrika te arriveer, hom/haar moet losmaak van die illusie dat "ek eintlik maar die dinge van werklike belang laat gebeur" en daarom geregtig is op politieke vetomag - op 'n finale sê wanneer dit werklik saakmaak. So 'n magsverdeling is boererneukery - 'n deursigtige poging om oorbevoorregting te verskans. Om nie politieke gemeensaak te maak met almal "binne die (nuwe) bedeling" nie, is om polities 'n buitestaander wat nog nie gearriveer het nie, te bly.

Om daarenteen egter hulle finale politieke seggenskap kwesbaar te stel, gaan van wit Suid-Afrikaners miskien die grootste geestestransformatie tot nog toe verg.



Black education IN A QUAGMIRE

The barrage of criticism levelled at the **Department of Education and Training (DET)** this week comes down to a stalemate between the DET - which blames student and teacher attitudes - and the black pupils' and teachers' disregard for "Bantu education". **LUCKY KHUZWAYO and LLEWELLYN RODERICK report**

EVEN if a transitional government could be instituted early this year, unifying the administration of all education, it probably would not help much to push the dismal pass levels of black matriculants up to the levels of other communities.

Educationists believe that the legacy of Bantu Education, the low qualifications of teachers, the lack of facilities and the gross inefficiency of a department that has been plagued by corruption are factors that cannot be made undone even by the immediate formation of one education department.

Community leaders expect an absence of violence and strikes this year and say this could signal a more dramatic increase in the pass rate than the three percent improvement between 1990 and 1991.

But for the moment, the overwhelming vote of no confidence in the DET's ability to provide conditions more favourable to learning and teaching - and the DET's response - is fast becoming a quagmire in which black education is bogged down with no apparent escape.

The Director-General of Education and Training, Dr Bernhard Louw, says the destabilisation in the black school areas and the lack of a "culture of learning" has hampered the DET's effectiveness in providing an education.

The National Education Co-ordinating Committee (NECC), on the other hand, says this is an unacceptable explanation of the education crisis - serving as a "smoke screen" to hide the real problems.

The Congress of South African Students (Cosas) refuses to end the schoolyard

protest action precisely because of the vote of no confidence in the DET's ability to dramatically improve black education.

The South African Democratic Teachers' Union (SADTU) has bluntly said it does not believe that the DET is capable of dragging black education out of the abyss it has slid into.

The question of mismanagement is being hotly debated. The DET says persistent efforts by pupils and teachers of certain schools has prevented principals,

school advisers and inspectors from rendering essential professional, supportive and managerial services.

SADTU says principals and inspectors have lost control over the effective running of schools.

The NECC says the DET is inefficient in administering the schools and in dealing with teacher demands.

"At no point last year or before has the DET been prepared to resolve the contradictions and it refuses to engage with local

'Illiteracy at the root of the crisis'

"THE education crisis is being tackled from the wrong end," says Irene Menell, the Education Trust Chairperson of READ, in response to the black matric results released this week:

In a press release READ calls on the private sector to spend "millions" on building literacy at all levels in South Africa from primary school right through to adult education.

"The number of black pupils who failed matric in 1991 was only a tiny fraction of South Africa's youth who have missed out on education opportunities," says Menell.

She says that black students at present are taught in English and while research shows that a vocabulary of 7 000 words is needed to understand textbooks most pupils possess a vocabulary of 700 words or less.

Fifty per cent of black pupils left school before standard four, and therefore lacked the basic language skills necessary for employment at the lowest level.

"No government in South Africa can solve the educational crisis without assistance from private organisations and individuals combining their efforts," says Menell.

teacher organisations," says the NECC's Information Officer, Mel Holland.

According to the NECC, the conditions agreed upon by former Education Minister Stoffel van der Merwe and SADTU, which resolved the 1990 teachers' strike, have since been contravened and ignored by the DET bureaucracy.

One of the conditions, that no teacher would be persecuted for participating in the strike, was ignored when several teachers were dismissed after the strike.

Increased wages promised at the meeting have not been processed by the DET's bureaucracy. This is a prime factor in the low morale among teachers, and the apparent lack of professionalism and low standards.

Meanwhile the DET is emphasising the need to create a "culture of learning", which it sees as determining pupil performance.

According to a DET statement, "without the co-operation of the community in general, parents and pupils, success will not be possible..."

But the likelihood of success is slim in the light of the ANC and other representative organisations' renewed vote of no confidence.

The ANC said this week that the DET is imbued with the Verwoerdian vision of Bantu education which prepares blacks for the bottom spectrum of the labour market.

Many pupils and teachers hold this view, says Holland, and it is enforced and perpetuated by mismanagement, inadequate facilities and inappropriate curricula.

Students are not against education as an institution, she says. The success of the ongoing intensive learning campaign launched by the NECC is living proof of the students' willingness to learn.

The disruptive attitude in black education stems directly from the students' experiences of the DET school system, says Holland.

She says there are three prerequisites for a culture of learning to unfold:

- Conditions are needed in which learning and teaching can occur. This depends on the education authorities taking responsibility for adequate standards of provision and delivery, standards of school buildings and equipment, and standards concerning the size of classes and teachers' qualifications.
- Teachers are needed who are qualified, and not just endowed with professionalism and a keen sense of duty.
- Students must be equipped to learn and given the necessary background and skills.

The matric results once again highlighted the fact that many students enrolling for the exams were inadequately prepared and that the system of promotion in the lower standards is too lenient.

Holland says only one exit point exists in the education system - the matric exams. The lack of any mechanism in the DET to evaluate students at any other stage is another indicator of the system's inadequacy, she says.

Non-government agencies and organisations this week announced their own initiatives to instil responsibility and a learning culture in black schools.


The General Secretary of the NECC, Ihsan Rensburg, said his organisation will join others such as the ANC, the PAC, the IFP, Azapo and representatives of the private sector in launching a R500 million programme later this month to improve black education.

This will add impetus to current community and service organisation programmes trying to equip black students with the much needed study skills and guidance.

But if the contradictions concerning the DET are not resolved in collaboration with organisations working outside of it, the legacy of Bantu education will continue to mar any efforts by the DET or any other party to grant black students an equitable education.

DIE KAAP IS WIT, SMUG

MAX DU PREEZ het in die Boland vakansie gehou en so elke nou en dan in die Skiereiland gaan kuier. Hy glo die Kaap moet nou ontmitologiseer word. (O, en hy het by die Taalmonument gaan inloer)



TOE ek nog in die Kaap gewoon het, is ek 'n slag of wat uit 'n witgepleisterde Kaaps-Hollandse huis gegooi (letterlik) en deur die plaaslike Boere-yuppies tot ongewenste gas verklaar weens my uitgesproke afkeer in die Kaapse snobisme en die smug wit pseudo-progressiwiteit.

Maar na 'n hele paar jaar terug in Johannesburg het ek weer begin hunker na die rustigheid van die Kaap en na, wat ek weer begin meen het, 'n groter openheid en verdraagsaamheid.

Toe lees ek nog teen die einde van laasjaar Jan Rabie se onderhoud in *Vrye Weekblad* waar dié Bolander half anarchisties die hele Boere-establishment in sy kanon stuur en met geesdrif praat van die nie-rassigheid wat in Wes-Kaapland bereik is, en ek trek met groot geesdrif vir drie weke af suide toe.

Ek het 'n groter rustigheid gevind, ja. In Groot Kaapstad is alles stadiger en minder aggressief as op die Witwatersrand.

Maar wat die res betref, het die hoop beskaam.

MY EERSTE SKOK was toe ek die geliefde mondstuk van die Bolandse en Kaapse Afrikaner, *Die Burger*, begin lees het. Kleinlik en bitterbek soos altyd, maar onverwags reaksionêr vergeleke met haar Transvaalse suster, *Beeld*. Verder as Bles Bridges wat sy vrou verneuk; oordrewе

prominensie aan rasse-voorvalle soos 'n klomp bruin mense wat sonder behoorlike swemdrag (sies!) op Beaufort-Wes gaan swem; die misdaad van die Skiereiland; en die persoonlike beriggies oor mevrou dominee Sus wat dié week 'n operasie ondergaan het en doktor en mevrou doktor So wat op Stilbaai gaan vakansie hou, kom 'n mens ook nie.

Nie dat die *Cape Times* en die *Argus* veel beter is nie. Vir hulle hou die wêreld by Bellville op; vir *Die Burger* by Worcester.

Die tweede skok is dat die Kaap so on-Afrika is soos San Francisco. As jy so nou en dan 'n swart gesig sien, is dit waarskynlik dié van 'n hande-arbeider of 'n vullisverwyderraar. Nêrens is daar 'n gemaklike sosiale gemeng soos al algemeen aan die Rand voorkom nie - selfs nie eens tussen wit en bruin nie, en dié twee groepe se kultuur en lewenstyle is tog identies. Die Afrika-mense van die Wes-Kaap sit in die townships en plakkarskampe opgehok, daar waar wit oë en toeriste hulle nie kan sien nie.

Nie dat dit die Kapenaars ontgaan nie. Verskeie mense het teenoor my opgemerk hoe "lekker wit" die Kaap is, en dan neem ek aan hulle sluit "bruin" daarby in. Een vriend het selfs gemaak-grapperig gesê die Transvalers is dom om 'n wit huisland in die woestyn te probeer vestig terwyl die Kaap klaar een is. 'n Eiendomsagent het aan my gesê al meer middelgrootte maatskappye

skuif hul hoofkantore na Kaapstad "omdat Johannesburg 'n regte Afrika-hoofstad word". Dis ook dié dat eiendom in die Kaap die laaste paar jaar heelwat duurder geword het as dié aan die Rand, sê hy.

En tog maak dit alles geen duik in die Kaapse pseudo-progressieve smugheid nie - almal noord van die Hexrivierberge is kru, agterlik en onbeskaaf.

DAN LEES EK weer vir Jan Rabie, wat sommer prontuit sê: "Daai spul wit en swart Transvalers wil ek glad nie hier hê nie." En: "Hy's (verwysende na swart mense) 'n immigrant in die Boland, die bliksem, en hy noem ons immigrante. Ek is lief vir my hoekie in Afrika. O ja, ek is 'n Bolander! Hoekom moet ek nou skielik 'n Suid-Afrikaner word?"

Rabie se verheerliking van die Bolandse Afrikaner is vals, het ek nou self uitgevind. Ek het met my eie oë gesien hoe sogenaam verligte Afrikaners 'n bruin gesin op Tweede Nuwejaar met oordadige geweld uit hul huis gooie na hul huur opgesê is - en die enigste verskoning was dat die papierwerk in orde was en die mense lank genoeg kennis gegee is.

Ek het gesels met Bolandse bruin mense wat met 'n ongelooflike bitterheid praat oor hoe die Boere hul steeds behandel. "Ons is nog steeds slawe hier op die plese, meneer," het 'n Paarlse vrou vir my gesê. "Die Boere (miskien het sy bedoel boere)

sien ons nog steeds as diere, as hulle besittings. Plek-plek bou hulle vir ons beter huise, maar dit gaan nie saam met meer respek nie, dis net om te sorg dat ons harder kan werk."

In die Paarl self en in dorpe soos Stellenbosch, Wellington en Worcester waar ek was, loop die rassegasie nog diep en dik. Bruin is bruin en wit is wit. En dit terwyl hulle almal dieselfde taal, kerk en kultuur het! En swart is natuurlik 'n hele paar trappe verder af aan die leer. Dit was vir my 'n skok om agter te kom dié situasie het in tien, vyftien jaar bittermin verander.



Nie dat rassisme en 'n sieklike, kleinlike provinsialisme die prerogatief van wit Kapenaars is nie. Daar is heelwat tekens daarvan in die bruin gemeenskap ook.

NATUURLIK IS daar 'n ander prentjie ook. Daar is heelwat Bolandse boere wat 'n gesonde werksverhouding met hul bruin werkers het; die verdraagsaamheid op van die besige strande was mooi om te sien; by die Paarl plak bruin en swart saam in een plakkarskamp sonder probleme.

Maar die mite is dat die Kaap meer gentle is, dat daar 'n groter verdraagsaamheid en welwillendheid is, dat Kapenaars en veral Kaapse Afrikaners meer beskaaf is as mense verder noord en oos, dat die Nuwe Suid-Afrika daar die beste aan die werk is. En dit is sommer 'n hele pot snert.

As dit darem nie vir die berge en die see en die wingerde was nie...

en AAN DIE SLAAP



A Helder Weste
B Magiese Afrika
C Brug
D Afrikaans
E Republiek
F Maleise taal en kultuur

'N BOERE-STONEHENGE OM APARTHEID TE HERDENK?

NIEMAND in die Paarl-vallei kan die Afrikaanse Taalmonument ignoreer nie. Dit is van oraloor sigbaar teen Paarlberg. En ná twee weke se raaksien gaan kyk ek toe maar na dié Boere-Stonehenge wat opgerig is ter ere van my moedertaal. Dit is, after all, dan seker my monument ook, dag ek by myself.

Huh-uh, het ek gou agtergekom. Dié starre, reusagtige granietkolos roer my nie. Dit is utoritêr, koud en dood en hard. My taal is warmbloedig en lewendig.

Ek het skaars die monument se trappe opgestap toe voel ek al ontuis - so 'n half skuldige gevoel soos 'n skoolseun wat in die voorste kerkbank reg onder die dominee se oë vuil gedagtes dink, of soos ek gereeld vir geen rede onder die son nie voel as ek by 'n polisieman verbystap of langs 'n verkeerskonstabel by 'n verkeerslig stilhou.

My heel eerste indruk, en een wat sterker geword het hoe meer ek gekyk het, is hoe eksplisiet fallies die hele monument is. Voordat 'n mens die brosjure koop wat alles vir jou verduidelik, kan jy swer dat 'n monument van 'n Boer wat op sy rug lê se skrotum en penis wat na die hemele reik.

Volgens die brosjure is die drie suile by die trappe soos 'n mens opstap na die hoofsuil simboliserend van die "Helder Weste". In die middel van die trappe is

daar so 'n snaakserige stomp stukkie muur. Dit, sê die boekie, simboliseer die "Maleise taal en kultuur".

Op die plein aan die bo-ent van die trappe staan jy dan onder die twee suile. Die lange simboliseer Afrikaans en is heeltemal hol binne met 'n klein gaatjie aan die punt. Net soos 'n watsenaam, wil 'n mens amper dink.

Die taalsuil staan in 'n vlak dammetjie saam met die korter suil, wat lyk soos 'n skede. Dit simboliseer die "Republiek", sê die boekie. Nou ja, nou begin dinge helderder word.

Aan die ander kant van die plein is daar drie sulke lae koepels, kompleet gesstrooie. "Magiese Afrika", sê die brosjure.

Die boekie sê die opdrag in 1965 was vir 'n monument wat "die wonder van ons kulturele en staatkundige opbloei (Republiekwording) moet versinnebeeld".

Overgezet synde, en dié vermoede het ek teen dié tyd lankal gehad: Dit gaan nie soveel oor die taal nie as oor Afrikaner-nasionalisme. Die monument wil sê die taal Afrikaans is die simbool van die Afrikaner-staat wat geskep is.

As dit so is, dan volg dit natuurlik dat dit 'n macho-ontwerp moes hê. Hoe sal die vaders van Afrikaner-nasionalisme dan nou voel oor 'n monument wat nie sterk patriargaal oorkom nie? Vandaar die fallus.

(Dat die taalspiraal so oordrewe lank [amper 60 meter] is, is dan seker gepas 'n simbolisering van Afrikaner-arrogansie - of is dit van die Afrikaner se ewige minderwaardigheidskompleks? Maar hoekom steek die ding die lug in, so amper of dit die wolke wil penetreer? The mind boggles.)

Volgens die brosjure is die argitek, Jan van Wijk, se ontwerp geïnspireer deur C.J. Langenhoven, wat die groepotensiaal van Afrikaans met 'n snelstygende boog vergelyk het, en N.P. van Wyk Louw, wat geskryf het dat Afrikaans die taal is wat Wes-Europa en Afrika verbind.

En toe, so half as 'n token, goo Van Wijk toe die stomp stukkie muur in ter erkenning van dié mense wat die taal eerste gesprok en geskryf het.

Ek wil nou nie namens mense praat wat ewe goed of beter namens hulself kan praat nie, maar ek kan my nie indink dat daar 'n enkele bruin Afrikaanssprekende siel kan wees wat hoegenaamd met dié monument kan assosieer nie. Selfs nie Jac Rabie nie. En tog is die meeste mense wat in die skadu van die monument en van Paarlberg woon en werk, bruin Afrikaanssprekendes. Erger nog: daar is meer bruin mense wat Afrikaans praat as wit mense.

Ek staan toe nog so en oorweldig voel deur dié granietding toe begin ek wonder: Nou hoekom het 'n lewende taal 'n monument nodig? Monumente is mos eintlik daar om dooie goed en gebeure van die verlede te herdenk, of hoe? Is daar 'n ander taal in die wêreld vir wie 'n monument opgerig is? Ek dink nie so nie.

En Afrikaans is mos nie dood of sterwend nie, of is dit? (Dit is hoekom die argumente wat ek oor die Taalmonument gebruik, nie geld vir byvoorbeeld die Voortrekkermonument of die Vrouemonument nie, want dit herdenk geskiedkundige gebeure.)

Miskien het die destydse Afrikaner-nasionaliste wie se geesteskind dit was,

onbewus besef dat Afrikaner-oorheersing gedoem was, en wou hulle betyds 'n grafsteen oprig. 'n Mens kry dié gevoel ook uit die bewoording van die ampelike brosjure: "Om in tydloosheid op sy plek te staan, is hierdie struktuur van die graniet van sy omgewing in gewapende beton gemaak..."

Nadat ek vir myself besluit het dat dié praalgraf bittermin met die lewende taal Afrikaans te make het en dat dit eintlik net 'n verering is van Afrikaner-nasionalisme (lees dan ook maar: apartheid), kom die vraag by my op: nou wat maak 'n mens met so iets in die Nuwe Suid-Afrika?

Ek het al by 'n vorige geleenthed vertel van die skilder Hardy Botha, wat ook in die Taalfallus se skadu woon, se voorstel om dit met Afrika-patrone te beskilder. Maar die grootte en hoogte van die monument maak dit half onprakties. En platslaan klink ook nie na 'n goeie idee nie.

Miskien is die enigste sinryke voorstel om dit te herinterpretier en dit wel te laat dien as monument vir 'n vergange era waar Afrikaners die land oorheers het. Dan moet dit van 'n interpreterende uitstalling voorsien word wat behoorlik sal verduidelik hoe Afrikaner-nasionalisme tot stand gekom het, hoe dit die Afrikaanse taal gekaap en as eie, eksklusiewe volksimbool gebruik het, en hoe dié volk oor dekades die land verdeel en oorheers het.

'n Monument, dus, wat ons nageslagte sal herinner aan die tyd toe apartheid die heersende ideologie was - kompleet met foto's van gedwonge verskuiwings, die slagoffers van die passtelsel en ander apartheidswette, die gewelddadige onderdrukking van swart mense wat om menswaardigheid en demokrasie geveg het.

Só 'n monument kan maar hard en koud wees. Maar nie 'n monument vir die taal waarvoor ek en miljoene ander so lief is nie.

DAAR IS NOG TYD OM IN TE SKRYF VIR ONS POSTER-KOMPETISIE!

Die tyd raak min om jou inskrywing in te stuur vir VRYE WEEKBLAD se nasionale poster-kompetisie met die tema Nkosi Sikelel' iAfrika / God Seën Afrika / God Bless Africa. Die speldatum is nou 7 Februarie 1992.

Die prysgeld is iets besonders: R10 000 vir die beste inskrywing, R5 000 vir die naasbeste en R2 500 vir die derde beste.

Enigiemand van enige ouderdom - van kleuters en skoolkinders tot studente en professionele kunstenaars - kan deelneem. Daar kan van enige medium gebruik gemaak word, solank dit op A2-grootte papier gedoen word.

Ons het die tema God Seën Afrika gekies omdat ons glo dit is iets wat elkeen in ons land, wat ook al sy/haar kultuur of politieke oortuiging, met oorgawe kan sê. Nkosi Sikelel' iAfrika is toevallig ook een van die oudste en bekendste nasionale liedere van Suider-Afrika.


As woorde op die poster gebruik word, kan dit in enige van Suid-Afrika se tale wees.

Inskrywings moet voor 7 Februarie 1992 ingestuur word - liefs in 'n beskerende rol, sodat dit nie beskadig kan word nie. Stuur soveel inskrywings as jy wil.

Die 50 beste inskrywings sal tydens *Vrye Weekblad* se "Mense Maak Kultuur"-fees in Maart volgende jaar uitgestal word, en alle gekose posters sal deel van 'n permanente uitstalling by die Universiteit van Wes-Kaapland word.

Die reëls vir die kompetisie en die inskrywingsvorm volg hieronder.

Enige navrae kan aan Leslee Durr by telefoon (011) 836 2151 gerig word.



Rules of VWB Poster Competition

1. This competition is free and open to all.
2. Only complete and correct entries will be accepted.
3. Your entry should be A2 size, on paper, any medium.
4. You may submit as many entries as you wish.
5. The competition closing date is Friday, 7 February, 1992.
6. Winners will be notified in writing.
7. The panel of judges will be compiled by the Daljosafat Arts Foundation, their decision is final and no correspondence will be entered into.
8. The 50 best entries will be exhibited during the "People Make Culture" festival, March 1992.
9. All further entries will form part of a permanent collection of posters at the Mayibuye Centre for History and Culture in S.A. of the University of the Western Cape.
10. This entry form or a copy thereof must be stuck to the back of your poster entry.
11. The Copyright of all entries will reside with Vrye Weekblad.

Post your (undamaged) entry to: Posters, P.O. Box 177, Newtown, 2113, JHB.

Reëls vir VWB Poster-kompetisie

1. Hierdie kompetisie is gratis en oop vir almal.
2. Slegs korrek-voltooide inskrywings sal aanvaar word.
3. U mag 'n onbeperkte hoeveelheid inskrywings voorlaai.
4. U inskrywing moet A2 grootte wees, op papier, enige medium.
5. Die kompetisie sluit Vrydag, 7 Februarie 1992.
6. Wenners sal per brief in kennis gestel word.
7. Die beoordeelaars word saamgestel deur die Daljosafat Kunsstigting. Hul besluit is final en geen korrespondensie sal daaroor gevra word nie.
8. Die 50 beste inskrywings sal tydens die "Mense maak Kultuur"-fees, Maart 1992, uitgestal word.
9. Alle verdere inskrywings sal deel word van die permanente versameling by die Mayibuye Historiese en Kultuursentrum van die Universiteit van Wes-Kaapland.
10. Hierdie inskrywingsvorm of 'n kopie daarvan moet agter op u poster-inskrywing geplak word.
11. Vrye Weekblad hou die kopiereg op alle inskrywings.

Pos u inskrywing (onbeskadig) aan: Posters, Posbus 177, Newtown, 2113, JHB.

GOD SEËN AFRIKA

Seën ons Here, God seën Afrika:
Laat haar horing oorloop met u seën.
Hoor ons as ons in gebede vra
Dat U ons sal seën,
Kinders van Afrika.

Bring U u wind
laat waai u wind, Heilige Gees
dat ons, almal van ons,
kinders van U sal kan wees.

Seën ook Here, seën ons nasie ook.
Werp oorloë weg, wis onheile uit;
maak ons harte en ons oë oop
vir vrede en geregtigheid.

Seën ons dan God,
skenk ons tog gou wat ons U vra.
Gee ons u vrede en rus
kinders van Suid-Afrika.

Vertaling deur Fanie Olivier

Name/Naam:

Address/Adres:

Age/Ouderdom: Tel. No: (h) (w)

SPORTRUBRIEK

Tinus Horn



NUWELAND VRYF SOUT IN DIE WONDE

Clive Rice is beslis besig om oud te word.

Hoe anders verklaar 'n mens sy swakoordeel tydens verlede naweek se Castlebeker-wedstryd teen die WP op Nuweland? Toe die Nuwelandskare ná jare se uitjouery opstaan en hom toejuig toe hy uitstap om te gaan kolf, het hy wraggies gedink dit was 'n teken van hul steun.

Enigeen wat iets van die Nuwelandskare weet, sal verstaan dat dit eenvoudig nie hul styl is nie. Die boodskap was eerder: "ag shame". Nuweland se skare is nie meer bang vir Clive Rice nie; hulle voel jammer vir hom. 'n Groter beleidingsal 'n mens ver soek.

Is dit toeval dat die WP Transvaal laas naweek vir die eerste keer sedert 1975 in 'n eersterangse wedstryd in die Kaap geklop het?

Die ou man (soos hy homself in sy inbel-foonboodskap noem) het toe darem vir hulle gewys hy's nog nie heeltemal oor die muur nie; volgende keer beeton hulle hom dalk weer die nodige respek en boe hom dat sy ore tuit.

Dis nie asof Clive nie ons simpatie verdien nie. Sy beste jare het feitlik volmaak met Suid-Afrika se sportisolasie oorvleuel.

Dit moes uiterst frustrerend gewees het vir een van die wêreld se beste alsydige spelers om te sien hoe spanne soos Zimbabwe en Sri Lanka regte toetskrieket speel, terwyl hy wag...en wag...én wag. Toe die sportboikot uiteindelik verby was, was sy beste dae ook.

